**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 17 OKTOBER 2023 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |
| Rdl. AJ Du Plooy | [DA] | : | Voorsitter: MPAC (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en VKB *(waarnemende Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. W Nero | : | Assistent Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. SM Lesch | : | Hoof: IKT |
| Mnr. CA Cornelissen | : | Hoof: Verkeersdienste |
| Mnr. H Vermeulen | : | Stadsbeplanner: Wes *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN001/10/2023**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna hy die vergadering open met 'n stille gebed en versoek dat voorbidding gevra word vir alles wat in die wêreld aangaan. Hy deel 'n dagstuk uit John Maxwell se Daaglikse Wysheid vir Leiers.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan Raadslid Du Plooy (Voorsitter van MPAC) wat die vergadering bywoon.

***

**BKN002/10/2023**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN003/10/2023**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Stadsbeplanner: Wes ervaar konneksie-probleme en kan nie sy belange verklaar nie, waarna die Munisipale Bestuurder versoek dat hy dit op die "MS Teams" platform in die "chat" tik waar hy verklaar dat hy geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/10/2023**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 19 SEPTEMBER 2023 EN DINSDAG 26 SEPTEMBER 2023**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notules van die vergaderings, soos gehou op Dinsdag 19 September 2023 en Dinsdag 26 September 2023, bekragtig word.

***

**BKN005/10/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 19 SEPTEMBER 2023 EN DINSDAG 26 SEPTEMBER 2023**
***(Die Implementeringsverslae word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings, soos gehou op Dinsdag 19 September 2023 en Dinsdag 26 September 2023.

***

**BKN006/10/2023**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/10/2023**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/10/2023**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat die Openbare Skakelbeampte van die Raad, mnr. P. Williams, op Maandag 16 Oktober 2023 verjaar het en wens hy hom geluk, seënwense en sterkte toe met sy verjaarsdag;
- Dat die Uitvoerende Onderburgemeester se dogter, vandag Dinsdag 17 Oktober 2023 verjaar en wens hy haar geluk, seënwense en sterkte toe met haar verjaarsdag;
- Dat Raadsheer De Vries se dogter gehospitaliseer is en vra die Voorsitter voorbidding vir haar en haar familie;
- Dat verskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se meegevoel betuig met die sterftes;
- Dat die gesamentlike strategiese sessies tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Speaker en Direksie insiggewend en leersaam was, wat tot openlike gesprekke gelei het om dienslewering te verbeter ten einde 'n verskil, verandering en dienslewering-georiënteerd te word in Bergrivier Munisipaliteit. Hy meld sy frustrasie rakende die vuil strate, potgate en oorgroeide oop ruimtes ens.(wat sien die amptenare nie). Voorts versoek hy dat die Administrasie hul werk met toewyding moet doen en dat tydgleuwe aan toekomstige versoeke gekoppel moet word;
- Dat alle amptenare sal onthou dat hulle 100% a-polities is en by geen politieke partye betrokke mag wees nie;
- Hy bedank die Direksie vir die volle vertroue en samewerking wat hul aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gee en meld dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Speaker hul volle vertroue en samewerking aan hul sal gee; en
- Hy meld dat sy deur oop is vir enige kwessies wat dienslewering kan affekteer.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Die Munisipale Bestuurder deel die Uitvoerende Burgemeesterskomitee mee dat Me. Beryl-Ann du Plessis op Saterdag 14 Oktober 2023 oorlede is. Sy het baie jare by Bergrivier Munisipaliteit gewerk in die Korporatiewe Dienste

direktoraat. Sy betuig die Munisipaliteit se meegevoel met die sterfte en wens haar familie, vriende en kollegas sterkte toe in hierdie bedroefde tyd.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/10/2023**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/10/2023**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/10/2023**
**<u>PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING EN SDBIP</u>**
**9/1/2**
**(*die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste lei die item kortliks in.

Sy meld dat die kapitaalspandering van die Direktorate soos volg tot op hede gespandeer is:

**Munisipale Bestuurder** - 66%
**Strategiese Dienste** - 34% (steeds afwagtend op fondse vanaf Weskus Distriksmunisipaliteit)
**Finansiële Dienste** - 53%
**Korporatiewe Dienste** - 51%
**Tegniese Dienste** - 48.5% (12 projekte wat aandag moet kry, veral in die Elektriese afdeling)
**Gemeenskapsdienste** - 35% (9 projekte wat in samewerking met die Tegniese Dienste direktoraat gehanteer moet word)
**"Overall"** - 49% (waar 11.94% reeds betaal is en 37.06% tans uitstaande fakture is).

Op navraag van Raadsheer Wessels rakende sy kommernis oor die Siviele projekte meld die Munisipale Bestuurder dat 'n spesiale Informele Direksievergadering geskeduleer is vir Maandag 23 Oktober 2023 om die aangeleentheid te bespreek.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met spesifieke verwysing na die Duiweklub en speelparkie in Velddrif, waarna die Direkteur Gemeenskapsdienste meld dat die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite 'n gesprek fasiliteer met die Duiweklub en Sportraad rakende hul behoefte en verwagtinge met die projek.

Die Voorsitter bedank almal vir hul bydrae tot die "Procurement Plan" en kapitaalspandering.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste vanaf volgende maand die projekte per direktoraat uitwys wat nie volgens die "Procurement Plan" verloop nie; en
2. Dat die Voorsitter, Portefeulje Voorsitter van Gemeenskapsdienste en Direkteur Gemeenskapsdienste 'n aflyn gesprek fasiliteer rakende die konsultante met verwysing na die Duiweklub asook die tegniese hulp en aspekte daarvan.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (waarnemend)***

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN012/10/2023**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: VERVREEMDING VAN UITGEDIENDE BATES & SKROOT</u>**
**6/1/1**
***(Die dokumente word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

Die waarnemende Direkteur Finansiële Dienste lei die item kortliks in.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die twee stukkende stoele, wat onder die trap van Piketberg hoofgebou is, deel moet vorm van die lys.

Op navraag van die Voorsitter rakende navrae uit die publiek oor die ou banke wat gestoor is by die verhoog in die Noordhoek Gemeenskapsaal wat aan 'n sirkus behoort en versoek dat die Direkteur Finansiële Dienste die aangeleentheid opvolg en daarna 'n kennisgewing publiseer om die voorneme van die Munisipaliteit bekend te maak.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (Waarnemende)***

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die bates op die bateregister afgeskryf word na die vervreemdingsproses voltooi is;
2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die bates uitgedien is en geen toekomstige diensleweringsvereistes het nie;
3. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die bates nie ekonomies herstelbaar is nie; en
4. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat toestemming verleen moet word om die gelyste items te vervreem.

***

**BKN013/10/2023**
**<u>HERSIENING VAN "SUPPLY CHAIN MANAGEMENT" (SCM) BELEID</u>**
**5/15/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

**<u>AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Raad die volgende wysiging aanbeveel en goedkeur:-

**"**formal written price quotations be obtained for any specific procurement of a transaction value lower than ~~R10 000 –~~ R30 000; or"

***

**BKN014/10/2023**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: AUGUST 2023**
**5/1/1**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the monthly budget statement and supporting documentation for August 2023.

***

**BKN015/10/2023**
**MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: AUGUST 2023**
**5/1/1**

*DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (waarnemend)*

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, gee kortliks terugvoer rakende die "token roll-over".

Die Voorsitter versoek dat 'n video-opname gemaak moet word wat die proses illustreer asook indien daar probleme is met die "token roll-over" proses.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That the Executive Mayor take note of the August 2023 Supply Chain Management Implementation reports and that they be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act no 32 of 2000).

***

**BKN016/10/2023**
**VOORLEGGINGS / ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: VOORLEGGING DEUR INCA PORTFOLIO MANAGERS**
**3/3/1/5**

Geen bespreking.

***

**BKN017/10/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 03 OKTOBER 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN018/10/2023**
**VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: GEDEELTE VAN RESTANT ERF 1283, VELDDRIF**
**7/2/1; VD.1283**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Suid-Oostelike gedeelte Restant Erf 1283, Velddrif nie benodig word vir munisipale dienslewering;
2. Dat die Suid-Oostelike gedeelte Restant Erf 1283, Velddrif (±2 ha groot) per publieke tender beskikbaar gestel word vir 'n huurtermyn van 9 jaar

11 maande uitsluitlik vir die verbouing van groente, en verder onderhewig aan die volgende:

a) Geen permanente strukture op die gedeelte grond opgerig mag word nie;

b) Geen vee op die grond aangehou mag word nie;

c) Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelik wees om alternatiewe water vir besproeiingsdoeleindes te bekom, en die nodige permitte van Departement van Waterwese daarvoor te verkry;

d) Die suksesvolle tenderaar sal self verantwoordelik wees vir aansluiting tot munisipale dienste, indien nodig;

e) Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelik wees om ‘n tydelike/draagbare chemiese toilet op die eiendom te voorsien; en

f) Die suksesvolle tenderaar sal verantwoordelike wees vir die omheining, beveiliging, skoonmaak en instandhouding van die grond.

3. Dat ‘n terugval klousule wat soos volg lees: “Indien die bate nie meer vir landboubedrywighede aangewend word nie of benodig word vir Munisipale dienslewering nie, mag die huurooreenkoms gekanselleer word deur wedersydse billike kennis van 30 dae te gee of tot laaste oes verwyder word” as voorwaarde in die kontrak vervat word sou die Raad die eiendom beskikbaar stel vir verhuring;

4. Dat geen bewoning op die erf mag geskied nie;

5. Dat geen onderverhuring ingebring word in die tenderkontrak;

6. Dat die huurbedrag van seshonderd rand (R600) per jaar aangebring word; en

7. Dat ‘n tender voorwaarde gestel moet word dat die suksesvolle tenderaar ‘n klein opkomende boer of opkomende landbouorganisasie is wat geregistreer is by die Departement van Landbou.

***

**BKN019/10/2023**
**<u>VISHUISPERSEEL NO.12, ERF 486, VELDDRIF (BOKKOMLAAN): TOESTEMMING VIR ONDERVERHURING</u>**
**17/12/3/2; VD.486**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 31 Oktober 2023, vir bespreking.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN020/10/2023**
**<u>PELICAN HARBOUR: WAT IS DIE STATUS NA KLAGTES ONTVANG</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos elektronies apart versprei)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

| Besluit | Verantwoordelik |
|---|---|
| **<u>BESLUIT</u>** | |
| 1. Dat die Voldoeningsbeampte, Wetstoepassingsbeamptes, onderskeie Polisiedienste in die Bergrivier Munisipale areas in samewerking met die Drankraad offisier(e) gereelde operasies/inspeksies doen by die onderskeie besighede in die Bergrivier Munisipale area veral waar klagtes ontvang word; | ***BESTUURDER: STADSBEPLANNING & OMGEWINGSBESTUUR & DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE*** |
| 2. Dat die Gemeenskapsdienste, Korporatiewe Dienste en Tegniese Dienste direktorate optree in terme van die oorlas verordeninge en die klagtes van geraas, boubeheer en lisensiëring aanspreek; | ***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE, DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE & BESTUURDER: STADSBEPLANNING & OMGEWINGSBESTUUR*** |
| 3. Dat die Munisipale Bestuurder ‘n vergadering fasiliteer met die Provinsiale Departement in samewerking met die Nasionale Departement om hulp te verleen met die kwessie asook om die pad vorentoe te bepaal; en | ***MUNISIPALE BESTUURDER*** |
| 4. Dat terugvoer gegee word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 28 November 2023 rakende die status van Pelican Harbour ten einde die pad vorentoe te bepaal. | ***MUNISIPALE BESTUURDER (28 NOVEMBER 2023)*** |

***

**BKN021/10/2023**
**<u>WIFI BY KANTORE EN IN PIKETBERG VIR DIE GEMEENSKAP</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

| Besluit | Verantwoordelik |
|---|---|
| Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item breedvoerig in. Addisionele inligting word gelewer deur die Hoof: IKT. | |
| Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede. | |
| **<u>BESLUIT</u>** | |
| 1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag; | |
| 2. Dat ‘n verslag voorgelê word tydens die Begrotingsproses wat ‘n kosteberaming illustreer vir die uitrol van die Wi-Fi projek by die onderskeie gemeenskappe in die Bergrivier Munisipale area; | ***HOOF: IKT*** |
| 3. Dat die geboue/instansies in die Bergrivier Munisipale area wat gratis “Wi-Fi” toegang bied aan die publiek, deel vorm van bogenoemde verslag; | ***HOOF: IKT*** |
| 4. Dat die diensverskaffers wat “fiber” of Wi-Fi installeer. genader word om moontlikheid te ondersoek om ‘n sosiale bydrae te maak met die installering van Wi-Fi by die gemeenskapsale in die onderskeie gemeenskappe in die Bergrivier Munisipale area; | ***HOOF: IKT*** |
| 5. Dat ‘n versoek gerig word aan Provinsie om die moontlikheid te ondersoek om meer skole, biblioteke of staatsdepartemente gratis Wi-Fi te gee vir die gebruik van die publiek; en | |
| 6. Dat terugvoer by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 28 November 2023 gegee word rakende die vordering van die projek. | ***HOOF: IK (28/11/2023)*** |

***

**BKN022/10/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 03 OKTOBER 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN023/10/2023**
**SOMER GEBEURLIKHEIDSPLAN 2023-2024**
**17/11/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die kommernis van die Komiteelede rakende die kinders wat by die riooldam swem en dat daar krities gekyk moet word om die boonste swembad oop te maak in Piketberg wat minder onderhoudswerk verg.

***(Die Hoof: IKT verlaat die vergadering om 11:19)***

Die Direkteur Gemeenskapsdienste bevestig dat Lyners & Associates aangestel is wat die proses gaan hanteer en versoek die Munisipale Bestuurder dat Lyners & Associates die swembad prioritiseer.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die gebeurlikheidsplan oorweeg en goedkeur as deel van Bergrivier Munisipaliteit se Rampbestuursplan.

***

**BKN024/10/2023**
**KAMERASTELSEL IN BERGRIVIER: HOEVEEL KAMERAS OP LIGPALE EN MUNISIPALE FASILITEITE EN HOE WERK DIE MONITORING EN TOEKOMS**
**9/1/2**
***(Die verslag word elektronies apart versprei)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste ‘n verslag voorlê by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 21 November 2023 rakende die alarms en kameras wat gekoppel moet word na die “Active Box” en wat die behoeftes van die onderskeie direktorate is in terme van veiligheid met verwysing na die installering van alarms en kameras.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE (21/11/2023)***

***

**BKN025/10/2023**
**INSTANDHOUDING EN OPGRADERING VAN SPORTFASILITEITE: BEPLANNING**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Direkteur Gemeenskapsdienste vir verdere ondersoeke/bespreking.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN026/10/2023**
**BEGRAAFPLASE SE FUNKSIONERING TEN OPSIGTE VAN TOILETGERIEWE EN UITLEG**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Direkteur Gemeenskapsdienste vir verdere ondersoeke/bespreking.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN027/10/2023**
**VERKEER/WETSTOEPASSING: NAWEKE**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels, lei die item breedvoerig in.

***(Die Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur en Stadsbeplanner: Wes verlaat die vergadering om 11:19)***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die moontlikheid ondersoek moet word om die kleredrag van die "leap officers" te verander en dat die kameras wat op die voetpad in Porterville is, tydelik verskuif kan word na die "hotspots" in die gemeenskap, totdat die RSEP-projek voltooi is.

**KENNIS GENEEM**

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN028/10/2023**
**SPEELPARKE IN BERGRIVIER IN SWAK TOESTAND AS GEVOLG VAN VANDALISERING EN ONDERHOUD: ENIGE VOORSTELLE**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Direkteur Gemeenskapsdienste vir verdere ondersoeke/bespreking.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN029/10/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 04 OKTOBER 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN030/10/2023**
**TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DONDERDAG 07 SEPTEMBER 2023 / MATTERS ARISING FROM THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING HELD ON THURSDAY 07 SEPTEMBER 2023**
**3/3/1/3**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item breedvoerig in.

***(Die Hoof: Strategiese Dienste sluit om 11:41 by die vergadering aan)***

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN031/10/2023**
**<u>VELDDRIF WWTW: TOESTAND EN WAT IS OP DIE BEPLANNING</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word elektronies apart versprei)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item breedvoerig in.

Op die Voorsitter se versoek dat daar teen einde November 2023 'n verskil moet wees by die bestuur en beheer van die "blue (water) & green (riool) drop" versoek die Munisipale Bestuurder dat die Direkteur: Tegniese Dienste die moontlikheid ondersoek om die twee vakante poste te prioritiseer en fondse te bewillig van vakante poste in die Tegniese Dienste direktoraat vir die twee poste by die Velddrif WWTW.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (28/11/2023)***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met spesifieke verwysing na 'n tekort aan gekwalifiseerde persone en dat 'n behoeftebepaling gemaak moet word in die onderskeie direktorate rakende werknemers en hul opleidingsbehoeftes, ten einde hul 'n geleentheid te bied om hul te kan bevorder na 'n meer senior posisie dat die veiligheid by die oorlaaistasie aangespreek moet word.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN032/10/2023**
**<u>OORLAAISTASIES IN PIKETBERG EN VELDDRIF: PROBLEME EN WAT IS BEPLANNING</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word elektronies apart versprei)***

Op navraag van die Voorsitter meld die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, dat die monitering van die oorlaaistasies in Piketberg en Velddrif maandeliks hanteer sal word by die Tegniese Dienste Komiteevergadering.

Voorts meld hy dat die tekort aan veiligheid en sekuriteit by die oorlaaistasies 'n bron van kommer is asook die tekort aan 'n gelisensieerde stortingsterrein in Velddrif.

Die Voorsitter versoek dat die Tegniese Dienste direktoraat alternatiewe opsies ondersoek rakende die verskillende tipe afval wat gestort word by die oorlaaistasies en wat die oplossings kan wees daarvoor.

Voorts versoek die Voorsitter dat daar na die Velddrif oorlaaistasie gekyk moet word om 'n muur op te sit om die bestuur en beheer te verbeter asook vir veiligheidsaspekte en dat die beheer van die Piketberg oorlaaistasie verbeter moet word en dat terugvoering gegee word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van Dinsdag 28 November 2023 rakende die vordering van die oorlaaistasies.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (28/11/2023)***

***

**BKN033/10/2023**
**<u>POTGATE IN STRATE EN OP SYPAADJIES: IS DAAR 'N PROGRAM MET HERSTEL</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in en versoek dat 'n verslag voorgelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van Dinsdag 28 November 2023 wat die aksieplan toon van die onderskeie potgate in die strate en op sypaadjies in die Bergrivier Munisipale area.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE (28/11/2023)***

Die Munisipale Bestuurder meld dat die Voorsitter versoek het dat Piet Retiefstraat ingang soortgelyk gemaak moet word soos die ingang by Noordhoek wat geplavei is.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN034/10/2023**
**AURORA SE KLAGTES VAN BELASTINGVERENIGING: IS DAAR ANTWOORDE**
**9/1/2**
***(Die verslag word elektronies apart versprei)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die item verwys word na die vergadering wat die Belastingvereniging van Aurora versoek het en dat 'n verslag voorgelê word by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van Dinsdag 28 November 2023, ter terugvoering rakende die klagtes verkry.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (28/11/2023)***

***

**BKN035/10/2023**
**PORT OWEN: KLAGTES OOR VULLISVERWYDERING EN RIOOLPROBLEEM BY YACHT KLUB**
**9/1/2**
***(Die verslag word elektronies apart versprei)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter versoek dat die Direkteur: Tegniese Dienste voorstelle voorlê by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van Dinsdag 28 November 2023, rakende die hantering van vullisverwydering by die Yacht Klub.

**KENNIS GENEEM**

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (28/11/2023)***

***

**BKN036/10/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 05 OKTOBER 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN037/10/2023**
**HERSIENDE KONSEP PRESTASIEBESTUURSBELEID**
**4/7/6**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter meld dat die moontlikheid ondersoek moet word om 'n werkswinkel te reël rakende die "staff regulations" met spesifieke verwysing na prestasiebestuur.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die Konsep Prestasie-Bestuursbeleid oorweeg en goedkeur.

***

**BKN038/10/2023**
**<u>PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 54 EN 56 POSTE VIR DIE TYDPERK 01 JULIE 2022 TOT 30 JUNIE 2023</u>**
**4/7/6**

**<u>AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Raad kennis neem van die Prestasie Beoordeling van Artikel 54A en 56 Poste vir die tydperk 01 Julie 2022 tot 30 Junie 2023.

***

**BKN039/10/2023**
**<u>BESTUUR EN ADMINISTRASIE VAN DIE JEUGKAFEE IN VELDDRIF</u>**
**2/1**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lei die item kortliks in.

**<u>AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Raad kennis neem van bogemelde agtergrond;
2. Dat die Raad goedkeuring verleen vir die advertering van die perseel vir ’n periode van 3 jaar om insette van die publiek te kry;
3. Dat na afloop van die advertering, die Munisipale Bestuurder ’n huurkontrak met die eienaar sal onderteken;
4. Dat tydens die aansuiweringsbegroting voorsiening gemaak sal word vir die agterstallige huur van die vorige 2 finansiële jare; en
5. Dat die agterstallige eiendomsbelasting afgetrek word van die agterstallige huur.

***

**BKN040/10/2023**
**<u>INFORMELE HANDELSENTRUM: WAT IS DIE STATUS</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter verwelkom die nuutaangestelde Hoof: Strategiese Dienste, Mnr. Adrian Kearns, by Bergrivier Munisipaliteit en in sy eerste Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering.

Die Hoof: Strategiese Dienste lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter versoek dat die verantwoordelike persoon vir die instandhouding binne en buite die informele handelsentrums deel moet vorm van die SOP / informele handelsentrums beleid / ooreenkoms.

***HOOF: STRATEGIESE DIENSTE***

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayoral Committee take note of the process plan.

***

**BKN041/10/2023**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 04 OKTOBER 2023**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN042/10/2023**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN043/10/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN044/10/2023**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**
**5/15/2**

Geen

***

**BKN045/10/2023**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN046/10/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN047/10/2023**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:37*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ___________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***